



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

Afrikaans Huistaal

Graad 12 Vraestel 1

MEMORANDUM

Cecilia Klopper
0828720039

Punte: 70

Afdeling A: Leesbegrip

Vraag 1

Teks A: Koerantartikel

Teks A: Antwoorde		
1.1	'n Replika van die hoofgebou, asook die naam Raubex uit Lego's gebou.	1
1.2	Deurdat die klein geboutjie se geld wat dit op die veiling behaal het, se geld vir welsyn aangewend kon word.	1
1.3	The South African National Roads Agency Limited	1
1.4	Enige een. Paaie / grondwerke, soos die N2 vir SANRAL / konstruksiemateriaal / mynmateriaal / infrastrukture vir siviele werke / myndienste en -konstruksies in Australië	1
1.5	Dat Raubex meestal siviele werke doen omdat dit hulle spesialiteit is - met ander woorde dit is wat hulle die beste doen.	1
1.6	Enige een. Paaie en grondwerke / oprigting van konstruksies / geboue	1
1.7	Liefdadigheid en gemeenskapsprojekte	1
1.8	Raubex reël gholfoernooie om geld in te samel.	1
1.9	Die spelers geniet die sport.	1
1.10	Van Lego's	1
1.11	Leon Mentz	1
1.12	Charl van Schalkwyk van Raubex / Raubex het die modelle van Grey College gesien wat deur Leon Mentz gebou is.	1
1.13	WAAR Dit het R56 000 by die veiling behaal.	1

1.14	'n FEIT, want dit kan bewys word.	1
1.15	Omdat daar baie slaggate in Bloemfontein is / alreeds daar reggemaak is in die verlede.	1
1.16	<i>Bloemnuus</i> , 13 Augustus 2026	1
1.17	C Inligtinggewend	1
1.18	Eie antwoord byvoorbeeld 'n televisie / motor / mediese onkoses	2

Teks B: Antwoorde

1.19	D Om te adverteer	1
1.20	Gholfspelers	1
1.21	Letterlik: Hulle moet letterlik die bal in die gaatjie <i>insink</i> . Figuurlik: iets sink eintlik net in water / 'n vloeistof. Hulle bedoel die speler moet die gholfbal in die gaatjie <i>inslaan</i> .	1
1.22	Enige twee. ❖ 'n Wegneem-middagete by halfpadmerk ❖ Aandete by prysuitdeling ❖ Pryse vir eerste 12 spanne ❖ 'n Gholfhemp geborg deur PKF	2
1.23	<i>Die Burger</i> -Kinderfonds	1
1.24	Beklemtoring	1

Teks A en teks B: Antwoorde

1.25	Teks A is 'n geskrewe teks / artikel en teks B is 'n visuele teks / advertensie.	2
1.26	Liefdadigheid en gholf	2

Totaal Afdeling A: 30

Afdeling B: Opsomming

Vraag 2

Nasienriglyne

Paragraaf:

Die Springbokke het die All Blacks Saterdag gewen. Die Springbokke het al hul toetse in Suid-Afrika gewen. Die eerste helfte van die wedstryd was taai, maar hulle het daarin geslaag om 'n straf drie af te dwing. Teen rustyd was die telling twaalf elk. Tydens die tweede helfte het die Springbokke uitstekend gespeel. Omdat almal hul kant gebring het, verdien elke Bok-speler 'n klop op die skouer. Volgende week speel hulle in die VSA.

[73 woorde]

- Indien daar TWEE (of meer) feite in EEN sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar. Die leerder word nie hiervoor in die feitedeel gepenaliseer nie, maar wel in die taaldeel.

- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die aantal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld a.g.v. = 3 woorde.
- Leerders MOET die KORREKTE aantal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidaat nie die korrekte aantal aangedui het nie. Leerders word nie gepeenaliseer as hulle nie die woorde aangedui het nie.
- Leerders moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. 'n Opsomming in die verkeerde formaat MOET wel nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING.)
- Indien die opsomming te KORT is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Trek 'n streep deur die oortollige werk en moet dit nie verder nasien nie.
- Leerders hoef nie 'n titel te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte.
- 'n Volsin het 'n werkwoord / werkwoorde.

PUNTETOEKENNING:

- 7 punte vir 7 korrekte feite (1 punt per korrekte feit)
- 3 punte vir taalgebruik
- Totale punt: 10
- **Verspreiding van taalpunt waar die leerder nie direk aangehaal het nie:**
 - 1–3 korrekte feite: 1 punt
 - 4–5 korrekte feite: 2 punte
 - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Verspreiding van taalpunt waar die leerder direk aangehaal het:**
 - 6–7 aanhalings: geen punt vir taal nie
 - 1–5 aanhalings: 1 punt vir taal

Totaal Afdeling B: 10

Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

Vraag 3: Advertensie

Teks D: Antwoorde

3.1	Dat hulle gewoonlik brood, melk en 'n koerant koop	1
3.2	Opdrag / bevelsin	1
3.3	Minimalisme / groot letters	1
3.4	Dit is die naam van die nuwe Suid-Afrikaanse koerant.	1
3.5	B Samestelling	1
3.6	Die visserman in Jacobsbaai gebruik 'n net om mee vis te vang.	1
3.7	Iets soortgelyks: Die meeste handelsorganisasies / besighede se subdomeine sal op "co.za" eindig.	1
3.8	"Net vir jou."	1
3.10	Eie antwoord. Ja / nee, plus motivering	1
		(10)

Vraag 4

Teks E: Antwoorde

4.1	Dit dui op 'n onvoltooide deel in 'n sin / dit dui 'n pouse in die sin aan.	1
4.2	Stokou	1
4.3	Dit verbind die rigting (suid) met 'n eienaam (Afrikaanse).	1
4.4	Uitroep	1

4.5	weekliks	1
4.6	Redakteur	1
4.7	'n Verslaggewer / joernalis	1
4.8	Figuurlik, want die nuus is nie regtig aan die brand nie.	1
4.9	Enige een. Sy leun vooroor / sy glimlag / sy lyk opgewonde / haar oë is groot / die vetgedrukte teks / "JA" is in hoofletters en vetgedruk.	1
4.10	Ja-a-a-a, dommie.	1
		[10]

Vraag 5: Tydskrifartikel

Teks F: Antwoorde

5.1	skilder	1
5.2	ter	1
5.3	byvoeglike naamwoord	1
5.4	My vinger se lit het gekraak.	1
5.5	eienaam	1
5.6	'n Veiligheidswag en 'n bejaarde egpaar wat die museum besoek het, is deur die diewe oorrompel.	1
5.7	Paglario, Parma se polisiehoof het gesê dat die gesteelde skilderye by een van die verdagtes se huis gevind is.	1
5.8	D Leenwoord	1
5.9	i.v.m.	1
5.10	gearresteer	1
		[10]

Totaal Afdeling C: 30

Groottotaal: 70